26 Junie 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Al is die deur net 'n skrefie oop, hy is oop! Ons kan nog nie eredienste hou nie. Ons kán seker, maar die kerkraad is daarvan oortuig dat dit nie verantwoordelik is om op dié stadium daarmee te begin nie.

Maar, dat ons iets van die saamwees van gelowiges, die teenwoordigheid van God, die gewydheid van ons binneste sal kan beleef, die is seker. Daarom dat ons volgende week begin met stilword-geleenthede in die kapel.

*Lees gerus in dié **Blitsnuus** hoe dit gaan werk, en as jy kan, maak gerus van een van die geleenthede gebruik. Indien jy enige probleem in die verband het, kontak gerus enige van die leraars.*

Stilword-geleenthede in die kapel

Die kerkraad is nog nie daarvan oortuig dat Stellastraat met veiligheid eredienste in die kerk kan hou nie, maar het ook besluit dat ons nie niks wil of kan doen nie. Daarom is daar besluit om stilword-geleenthede in die kapel te hou. Dit is 'n klein poging waaroor ons beter beheer het, want die risiko van siek-word is steeds baie groot.

Dit is makliker om die kapel te saniteer en om met kleiner groepe mense te werk met betrekking tot die protokol-regulasies. Ons evalueer die kapel stilword-geleentheid elke week. Indien aanpassings gemaak moet word, dan doen ons dit.

Wat?

Die geleenthede is stilword-geleenthede, nie eredienste nie. Elke geleentheid gaan ongeveer 40-minute duur. Die leraar wat voorgaan, gaan die hele week aan diens wees en dieselfde tema sal deur die week aangebied word.

Wanneer?

Aanvanklik vier geleenthede per week. Indien die behoefte daar is, sal die geleenthede meer gemaak word. Ons kan ook die tye aanpas. Die dae en tye is as volg:-

Dinsdag	**11:00 – 11:40**
Woensdag	**19:00 – 19:40**
Donderdag	**11:00 – 11:40**
Sondag	**10:00 – 10:40**

Hoe?

Ons moet al die regulasies met betrekking tot die Covid-19 pandemie nakom. Dit beteken ons moet elkeen 'n masker dra, ons temperatuur moet gemeet word, ons naam en kontakbesonderhede moet geneem word, en dat ons nie mag sosialiseer op die kerkterrein nie. Hande sal ook ontsmet word by die kapel se ingang.

Persone wat weet dat hulle in 'n hoë risikogroep val, word versoek om self verantwoordelikheid te neem oor die bywoning van die geleenthede of nie. Omdat daar beperkte sitplekke is, vra ons dat niemand meer as een keer per week 'n stilword-geleentheid in die kapel sal bywoon nie.

Om 'n stilword-geleentheid by te woon, skakel asseblief die Kerkkantoor tussen 08:00 – 13:00 van Maandae tot Vrydae (012 460 8570) om jou plek te bespreek. Die kantoor sal jou besonderhede neem en dadelik aan jou 'n plek toeken.

Wie gaan help?

Die kantoorpersoneel en lede van Diensgroep Erediens sal help om die kapel voor te berei, skoon te maak en om die voorgeskrewe regulasies na te kom.

Sondag 28 Junie se oordenking

James gaan voor en die tema is ***"Die alternatief"*** die teks is Markus 1 vers 15. Hier is Sondag se skakel vir die oordenking van die week **https://youtu.be/kjFWPWdSbuE**

Kleuters en gesinne se geleentheid

Die kleuterkerk is deur Marina en Fay voorberei en die tema is: "Twee koppe is beter as een – om moeilike besluite te neem" en die teks is Hand 15:1-35. Hier is die skakel **https://youtu.be/lGTiXdjV8ns**

Die huisgeloofgesprek wat saam met die kleuterkerk se tema gaan en waaroor gesinne saam kan praat is: "Ons het mekaar nodig om moeilike besluite te neem" Watter moeilike besluite moes julle as gesin al neem? Hoe het julle mekaar hierin gehelp?

"Twee koppe vaar beter as een"
Hoe neem gelowiges (die kerk) moeilike besluite? Die mooie van die beskrywing van die vroeë kerk in Handelinge is die menslikheid waarmee die kerk beskryf word. Selfs hoe hulle gesukkel het om moeilike besluite te neem – veral as hulle van mekaar verskil. Hierdie Sondag gaan beide die **junior en senior jeuggroepe** gesels en saamdink oor die 1ste kerklike vergadering waar gelowiges met mekaar verskil het (Hand 15:1-35).

Ons wil graag ouers aanmoedig om die jongmense in die huis te help om by die jeuggroepe in te skakel. Die groepleiers reël Zoom-gesprekke met die jongmense. Jy is welkom om vir Tienie (083 627 5086) te kontak as jy enige vrae het.

Tuis-Adoramus

Anton bied die week se Tuis-Adoramus aan. Die tema is ***"Ek hou vas aan u troue liefde"*** en teks is Psalm 13. Hier is Sondag se skakel **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-28-Junie.pdf**

Soeklig gebruik ook 'n skerm – vir eers! Sondag 18:00

SOEKLIG
NG GEMEENTE STELLASTRAAT

Ons gaan voort met die reeks "Wie help my in 'n krisis?" Ons begin 18:00 met Zoom. Jy is steeds welkom al het jy die eerste twee gemis. Elke aanbieding staan op eie bene. Kontak asseblief vir James as jy via 'n elektroniese skerm wil inskakel by Sondagaand se soekliggeleentheid. Dit is maklik! Hier is eerskomende Sondag se skakel **https://us02web.zoom.us/j/82767615133**

Maricus is ook nou virtueel!

Jy kan inskakel en heerlik na dertig minute se orrelmusiek van Maricus le Grange en Rolf Rencken luister! Hierdie week se orrelkonsert is uit die NG Lynnwood.

Gaan kyk gerus en sluit aan by hulle kanaal. Konserte is beskikbaar op Sondae van 08:00 af. Dankie vir almal se ondersteuning!
Volg net dié skakel -
https://www.youtube.com/channel/UC1YpLKCtcZUOgrGu0iQfedg

Bottel en bord oor die skerm - 1 Julie om 19:00

"Hoe hou ek my heel in 'n stukkende tyd?" is die tema van ons eerste bottel- en skermaand. Dit gaan in die vorm van 'n Zoom-gesprek wees en ons sal die skakel later beskikbaar maak. Jurita Engelbrecht (sielkundige) wat baie met skool-jongmense in die grendeltyd berading doen, gaan ons gasspreker wees. Ons wil baie graag dat verskillende generasies (oud en jonk) saam met ons dink en kuier. Daar sal ook geleentheid vir vrae wees. Jy kan op jou eie spoed en tyd opwarm met jou eie eet- en drinkgoed saam 'n klompie lidmate wat ook in hulle eie lê-plek en met hulle eie kuiergoed saamdink oor die tema.

Woensdagaand 1 Julie begin ons om 19:00 en die hele kuier-aand sal net 60 minute lank wees. Gebruik asseblief hierdie skakel om deel te wees: **https://us02web.zoom.us/u/khjgMR1y1**

As jy enige probleme met skakel ondervind of vrae het, kontak asseblief vir Tienie (083 627 5086) of vir Johann Wannenburg (082 652 0604).

'n Plastiek-vrye Julie

Plastiek-vrye Julie is 'n globale beweging waaraan miljoene mense wêreldwyd jaarliks deelneem. Die beweging daag mense uit om tydens die maand Julie doelbewus te kies om enkelgebruik-plastiek te vermy, óf die GROOT 4 (plastieksakke, plastiese bottels, strooitjies en wegneem-koffie-bekers) te weier, òf om heeltemal plastiek-vry te leef.

Fay en Peet (& Amélie) daag die gemeente uit om Julie-maand saam met hulle sover moontlik plastiekvry te leef. Indien jy óf julle huishouding hierdie uitdaging wil aandurf kontak gerus vir Fay. Volg hulle plastiek-vrye reis op die gemeente se Facebook- en Instagram blaaie. Loer ook gerus na die gemeente se webblad vir daaglikse wenke.

Ongesteld

Leon Herbst van Mainstraat 237 wat weer in Groenkloof Life hospitaal opgeneem is.

Moedie Reyneke van Floriannestraat 976 wat in die Lynnmed "stepdown" aansterk na 'n rug-operasie.

Johann Fischer van Featherwood Aftree-oord wie se melanoom weer aktief is en wat tuis versorg word.

Louis Taljaard van Blakestraat 211A wat vir 'n hart-kwaal in die hospitaal opgeneem is.

Hanna Joubert die 18 maande oue dogtertjie van Danie en Izaan Joubert van 8ste straat 79 wat 'n rug-operasie ondergaan het.

Cara van Tonder in gr.2 van Eridanisstraat 238, Waterkloofrif gaan moontlik in vir 'n operasie.

Stellastraat se geldsake

Dankie vir almal wat onthou en help dat Stellastraat finansieël kop bo water hou!

Ons glo dat die abnormale omstandighede wat ons nou beleef eersdaags verby sal wees, en dat ons weer sal wees wat ons kan wees!

Verjaarsdae 28 Junie - 4 Julie

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 28 Junie:
Wynand Botes, Pienkie Loots, Frans Lyons, Regan Moen, Zander Serfontein, Peet van der Merwe.

Maandag 29 Junie:
Tienie Bosman, Herman Botha, Johanna Pistorius, Michée Van Rooyen, Morné van Rooyen, Ruan Venter.

Dinsdag 30 Junie:
Ingrid Coetzee, Izaan Joubert, Kitty Neuhaus, Jacobus Niemandt, Izaan Pauw, Sunélle Rossouw, Mirabelle Snyman, Emelia Swanepoel, Gideon van Wyk, Henna van Wyngaardt.

Woensdag 1 Julie:
Ems Badenhorst, Bijoux du Preez, Marié du Raan, Mariska Gericke, Lizette Kortenhoeven, Nina Louw, Reghard Louw, Maritha Meyer, Pieter Oosthuizen, Ronél Pretorius, Jako Roux, John Stanbury, Karien Steenkamp, Chantelle Streutker.

Donderdag 2 Julie:
Marlize de Villiers, Elizabeth Jansen van Vuuren, Lizl Schutte, Reneé van Eyden.

Vrydag 3 Julie:
Tiaan Barnard, Chérise Borchardt, Werner Greyvenstein, Jan-Hendrik Hofmeyer, Albie Maree, Jeanette Maree, DF Strauss, Magreta van Niekerk.

Saterdag 4 Julie:
Martin Basson, Alex de Jager, Theunsina Maree, Nicola Minnaar, Diedrich Parsons, Jack van der Merwe.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za